higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
### NKR VLAK 2

### 12 November 2024

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A

### VRAAG 1

1.1 C
1.2 G
1.3 I
1.4 B
1.5 L
1.6 F
1.7 M
1.8 N
1.9 D
1.10 O
1.11 J
1.12 P
1.13 E
1.14 A
1.15 K

(15 × 1) **[15]**

### VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Onwaar
2.3 Onwaar
2.4 Onwaar
2.5 Waar
2.6 Onwaar
2.7 Onwaar
2.8 Waar
2.9 Waar
2.10 Waar
2.11 Onwaar
2.12 Onwaar
2.13 Onwaar
2.14 Waar
2.15 Onwaar

(15 × 1) **[15]**

## VRAAG 3

3.1 doelwitte
3.2 27 jaar
3.3 1976
3.4 D.F. Malan
3.5 Nguni
3.6 naam
3.7 pers
3.8 Urie Bronfenbrenner
3.9 pas
3.10 etniese

(10 × 1) **[10]**

## VRAAG 4

4.1
- Die oksipitale lob: die gedeelte van die brein wat sig beheer.
- Die pariëtale lob: ondersteun die liggaam. Skade aan hierdie gedeelte van die brein kan lei tot probleme om boodskappe van die sintuie te ontvang
- Die temporale lob: Hierdie gedeelte van die brein help die persoon om gesigte, ritmes, patrone, spraak, taal, musiek en dans te herken.
- Die frontale lob: Hierdie gedeelte van die brein bou patrone van beweging en sosiale gedrag.

(Die vier lobbe moet korrek wees en die verduideliking moet op elke lob van toepassing wees.) (4 × 2) (8)

4.2
- Vetsure (ALA)
- DHA is boublokke van die brein.
- Vitamien B1 ...
- Vitamien B6 ...
- Vitamien B12 ...
- Foliensuur
- Eikosapentanoësuur (EPA)

(Enige bogenoemde VIER antwoorde) (Enige 4 × 1) (4)

4.3
- Die sigoot begin verdeel.
- Groeiselle hou aan om te verdeel.
- Die vorming van die embrio begin en selle begin in funksies spesialiseer.
- Twee weke ná fertilisasie begin die werklike embrioniese ontwikkeling.

(4 × 2) (8)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

## AFDELING B

### VRAAG 5

5.1
- Appels: Ryk aan antioksidante; herstel motoriese koördinasie en balans.
- Bruinbrood: Komplekse koolhidrate is beter vir die liggaam en brein.
- Salm/Vis: Omega-3-vetsure help om algemene breinfunksionering te verbeter en geheue te herstel.
- Jogurt: Probiotika kan help om stemming- en kognitiewe funksie te versterk en verlaag stres en angs.
- Rosyntjies: Ryk aan antioksidante en herstel motoriese koördinasie en balans.


(Enige toepaslike verduideliking) (5 × 2) (10)

5.2
- Ontvanklik: om van iets in die omgewing bewus te wees of daaraan aandag te gee
- Reagerend: demonstreer nuwe gedrag deur middel van ervaring
- Waardering: om definitiewe betrokkenheid en toewyding te wys
- Organisering: om nuwe waarde by jou stel waardes en prioriteite te voeg
- Karakterisering deur waarde: om konsekwent met die nuwe waarde te wees

(Die domein moet korrek wees; enige toepaslike verduideliking) (5 × 2) (10)

5.3 VOLWASSE LEERDER (Enige toepaslike opskrif)

✓✓




(Aanvaar biologiese en sosiale dimensies) (2 punte vir illustrasie) (5 × 2) (10)

**[30]**

## VRAAG 6

6.1
- Onderwys en opleiding verwys na die proses van lewenslange leer.
- Jongmense ontwikkel die fundamentele vaardighede van taal en wiskunde, die vermoëns om te lees, te skryf en probleme op te los deur ervaring.
- Hulle ontwikkel ook die persoonlike en morele waardes wat hulle in staat stel om verantwoordelik in die samelewing te funksioneer/deel te neem.
- Onderwys is nooit afgehandel nie; wanneer 'n persoon die werksplek betree, beteken dit nie dat leer voltooi is nie.
- Verdere onderwys en opleiding verwys na lewenslange leer wat die individu in staat sal stel om voortdurend te groei en ontwikkel namate hulle deur die stadiums van menslike ontwikkeling beweeg.

(Enige toepaslike antwoorde) (Enige 4 × 2) (8)

6.2
- Voeding: Ten einde gesond te wees, moet mense gesond eet.
- Gehalte van opvoeding: Onderwys deur die skool, maar ook tuis van ouers
- Die tydperk waarin ons leef: 'n Persoon wat in die 14de eeu geleef het, sal anders wees as iemand wat in die 21ste eeu leef.
- Die gebiede in 'n land waar ons woon: Stadskinders het beter geleenthede as plattelandse kinders.
- Ons plek in die gesin: Waar pas jy by jou broers en susters in? Is jy die eerste kind, middelkind of laaste kind?
- Genderverwagtinge/geslagsverwagtinge: Word daar van jou verwag om op 'n sekere manier op te tree omdat jy 'n seun of meisie is?
- Die verhoudings wat ons ontwikkel en met wie ons dit doen
- Ons toegang tot inligting, bv biblioteke, selfone, Wi-Fi, toegang tot sport- en kulturele fasiliteite/geriewe
- Die klimaat waarin ons woon asook besoedeling wat ons gesondheid kan beïnvloed

(Enige toepaslike antwoorde) (Enige 6 × 2) (12)

6.3 6.3.1 hemisfeer
6.3.2 stam

(2 × 1) (2)

6.4 Studente se eie antwoord. Joernalis se terme in die vraag kan beklemtoon word. Hier onder is 'n voorbeeld van 'n moontlike antwoord.

- Sommige lande aanvaar selfdegeslaghuwelike, terwyl homofobie in ander lande steeds algemeen voorkom.
- Heteroseksualiteit is die standaard vir die wettiging van sosiale en seksuele verhoudings, terwyl homoseksualiteit steeds as 'n abnormale variant beskou word.
- Die woorde *lesbies* en *gay* word steeds as vloekwoorde beskou.
- Baie faktore lei tot homofobie, soos vooroordeel en onkunde.
- In die heteronormatiewe kultuur distansieer mense hul van gay persone om 'n konvensionele sosiale rol te herbevestig en sosiale bevestiging te bekom.

(Enige toepaslike antwoord) (Enige 4 × 2) (8)

**[30]**

## VRAAG 7

7.1
- Deur 'n verskeidenheid strategieë vir effektiewe leer te verken en daaroor te besin
- Deur as verantwoordelike burgers aan die lewe van plaaslike, nasionale en globale gemeenskappe deel te neem
- Deur esteties en kultureel sensitief oor 'n verskeidenheid sosiale kontekste te wees
- Deur onderwys- en loopbaangeleenthede te verken
- Deur etiese entrepreneursgeleenthede te ontwikkel, waar moontlik.

(Enige toepaslike antwoord) (Enige 4 × 2) (8)

7.2
1. Jan van Riebeeck het by die Kaap die Goeie Hoop aangekom.
2. Die eerste nege Europese mans ontvang grond waarop hulle kon boer.
3. In 1795 het die Britse magte die Kaap by die Hollanders oorgeneem.
4. Kimberley is as die middelpunt van die diamantmynbedryf gevestig.
5. Die Britte het 'n veldslag in die Zuluhoofstad Ulundi gewen.

(Die antwoorde MOET in die korrekte volgorde wees.) (5 × 1) (5)

7.3
- Elkeen het die reg op vryheid van beweging.
- Elkeen het die reg om die Republiek te verlaat.
- Elke burger het die reg om die Republiek binne te kom, daarin te bly en op enige plek daarin te woon.
- Elke burger het die reg op 'n paspoort.

(Enige toepaslike antwoord) (4 × 2) (8)

7.4
- Danksy verbeterde geneeskunde leef die ouer segment van ons bevolking langer.
- Baie mense tree op hierdie ouderdom ten volle af.
- Krag en uithouvermoë neem geleidelik af.
- Ouer mense raak kleiner, wat liggaamsgrootte verminder.
- Die respiratoriese en bloedsomloopstelsel is minder effektief en konstipasie kan toeneem.
- Beendigtheidskwale ontstaan en spiere word baie swakker.
- Die vel is minder soepel en haarverlies vind by albei geslagte plaas.

(Enige toepaslike antwoord) (Enige 5 × 1) (5)

7.5
- Die landbousamelewings: Boere is in staat om hul eie kos te verbou en diere aan te hou. Meer gevorderde landbousamelewings gebruik masjiene.
- Virtuele samelewings: Hierdie samelewings ontwikkel onder mense wat nie naby mekaar woon nie, maar aanlyn deur die internet verbind word.

(Enige toepaslike antwoorde) (2 × 2) (4)

**[30]**

## VRAAG 8

8.1
- Refleksie-oor-aksie: Dit is wanneer onderwysers ná elke les selfevaluering toepas.
- Refleksie-in-aksie: Dit is wanneer onderwysers onderrig en terselfdertyd ontleed. Dit behels dus dat ’n opvoeder oor iets besin wat gebeur terwyl dit gebeur. (Enige toepaslike antwoord) (2 × 2) (4)

8.2
- Evalueer
- Kontroleer
- Kritiek lewer
- Assesseer
- Takseer/beoordeel
- Beoordeel
- Ondersteun
- Voorspel
- Waardeer (Enige toepaslike antwoorde) (Enige 6 × 1) (6)

8.3
- Het jy ’n stokperdjie of belangstelling?
- Bring jy tyd op jou eie deur wanneer jy mediteer of oor belangrike dinge in die lewe nadink?
- Woon jy beradingsessies by?
- Stel jy gereeld doelwitte vir jouself?
- Verkies jy om eerder alleen te wees as om tyd met mense om jou deur te bring?
- Hou jy ’n dagboek van gebeure in jou lewe?
- Het jy al daaraan gedink om jou eie onderneming te begin?

(Enige toepaslike antwoorde) (Enige 4 × 1) (4)

8.4
- Mikrostelsel – familie of klaskamer
- Mesostelsel – twee mikrostelsels in interaksie
- Eksostelsel – eksterne omgewings wat ontwikkeling indirek beïnvloed
- Makrostelsel – die groter sosiokulturele konteks

(Enige toepaslike verduideliking) (4 × 2) (8)

8.5
- Outisme
- Gedragsprobleme
- Visuele gebrek
- Tuberkulose
- Kinders wat met die gereg bots
- Fisieke gestremdheid
- Neurologiese en spesifieke leergestremdhede
- Multigestremdheid/veelvuldige gestremdheid
- Intellektuele gestremdheid
- Gehoorgebreke
- Kommunikasieversteurings
- Epilepsie
- Leerders wat te oud is (Enige toepaslike antwoord) (Enige 6 × 1) (6)

8.6 Insluiting is die proses waarvolgens verseker word dat alle mense by alle prosesse van die land ingesluit word, insluitend skole. (Enige toepaslike antwoord) (2)

**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 120**
**GROOTTOTAAL: 180**

Kopiereg voorbehou